NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE U.K. VAN DIE S.A.S.K.
GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP WOENSDAG 30 JULIE 1958.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voorsitter); Dr. B.J. Odendaal (wnde. Sekretaris); Ds. E.P.J. Kleynhans (Secundus-lid) en die Saakgelastigde, Mnr. S.J. Naudé.

OPENING: Ds. P.S.Z. Coetzee open met gebed.

B U I T E L A N D.

1. BONUSSE GETROUDE WERKSTERS: Vir afhandeling verwys na die Voors. en die Saakgelastigde na raadpleging met Ds. D.G. v.d. Merwe.

2. AANSOEK MNR. LOURENS ROSSOUW OM LENING VAN £800: Dit staan oor vir raadpleging met Ds. D.G. v.d. Merwe.

3. MEDIESE ONKOSTE, SENDINGPERSONEEL: Staan oor tot die aangevraagde opgawe van Eerw. Hoffman ontvang word.

4. BRIEF EERW. HOFFMAN:
   (a) i/s Uitbetaling van verlofgeld aan Eerw. Swanepoel: Staan oor tot raadpleging met Ds. v.d. Merwe.
   (b) Langer dienstyd van Mnr. J.M. Badenhorst: Word voor die S.A.S.K. gelê.

5. AGENDA S.A.S.K. EN BEGROTING: Opgedra aan die Saakgelastigde en Ds. D.G. v.d. Merwe.

6. STAAT BUITELANDSE SENDINGFONDS: Op die oomblik is daar 'n tekort van £27,000 - £28,000.

7. HUWELIK MNR. W. VENTER: Die gebruiklike bedrag van £5 word gestem en 'n telegram van gelukwensing sal gestuur word.

8. SIEKTE MEJ. VAN HUYSSTEEN: Staan oor vir S.A.S.K.

9. SAAKGELASTIGDE: Die Voors. rig 'n woord van dank vir sy dienste aan die Sendingkantoor.

Ds. E.P.J. Kleynhans sluit met gebed.

NOTULE VAN VERGADERING VAN DIE U.K. VAN DIE S.A.S.K.
GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP WOENSDAG 30 JULIE 1958.

B I N N E L A N D.

1. SIEKVERLOF DS. W.R. DE KOCK: Die aansoek van Ds. de Kock om 2 maande siekverlof, word na die S.A.S.K. verwys.

2. STUK VAN DS. D.G. v.d. MERWE EN BRIEF EERW. VISSER EN DS. H. le C. TAUTE OOR BASOETOLAND: Word verwys na S.A.S.K. met aanbeveling dat Ds. Taute se skrywe gunstig oorweeg sal word.

3. BRIEF EERW. BASSON i/s VERGADERING SENDING HOSPITAALRAAD: Die brief van die Saakgelastigde dat die vergadering na September verskuif word, word goedgekeur.

4. OMSENDBRIEF FEDERALE SENDINGRAAD i/s VERGADERING TE JOHANNESBURG: Vir kennisgewing.

5. SAMESPREKING INTER-KERKLIKE KOMMISSIE MET MINISTER: Dit word goedgekeur dat die Voors. vanweë tydsfaktore per vliegtuig na Kaapstad gaan vir die samespreking.

6. WITSIESHOEK:

   (a) Onderhandelinge i.v.m. verpleegsters word in die hande van die Saakgelastigde gelaat.

   (b) I.v.m. apparaat sal oorleg gepleeg word met Ds. v.d. Merwe.

7. Brief van dank aan Kerkraad, De Bloem: Die wnde. Sekretaris sal 'n brief van dank rig aan die Kerkraad van De Bloem vir die beskikbaarstelling van Ds. D.G. v.d. Merwe vir die Sendingkantoor.

Ds. E.P.J. Kleynhans sluit met gebed.